Verwysing: 20200224-4903
Lêernommer: 13/10/1/2
Navrae: S Doolings

Assesseringsbestuursminuut: 0003/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Aansoeke om betrekkings as interne moderators, hoofnasieners, adjunkhoofnasieners, senior nasieners en nasieners vir die 2020 Nasionale Senior Sertifikaat- en die 2021 Senior Sertifikaat-eksamen

1. Aansoeke word ingewag van onderwysers, vakadviseurs en senior kurrikulumbeplanners wat aan die kriteria (soos uiteengesit in **Bylae A**) voldoen vir die betrekkings as interne moderators, hoofnasieners, adjunkhoofnasieners, senior nasieners en nasieners vir die November 2020 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)- en die Junie 2021 Senior Sertifikaat (SS)-eksamen.

2. Suksesvolle aansoekers sal slegs vir 'n tydperk van EEN JAAR genomineer word. Alle nasieners wat dus in 2019 aangestel is en graag gedurende die 2020-21-siklus wil nasien, **moet weer in 2020 aansoek doen.**

3. **Elke aansoeker**, hetsy nuwe of gevestigde nasiener, moet via Google Chrome aansoek doen met behulp van die aanlyn-aansoekstelsel by https://exams.westerncape.gov.za/markers en die stappe volg wat in **Bylae B** uiteengesit is.

4. 'n Skakel na 'n skermgreep met gedetailleerde beskrywings van die stappe wat tydens nasiener-aansoeke gevolg moet word, kan op die tuisblad van die webwerf vir aanlyn-aansoeke gevind word.

5. Aansoekers moet aansoek doen vir **alle vakvraestelle en betrekkings** waarvoor hulle oorweeg wil word. Byvoorbeeld, as 'n aansoeker aansoek doen as adjunkhoofnasiener, moet so 'n aansoeker ook aansoek doen om die betrekking as senior nasiener en nasiener. Let daarop dat indien 'n nasiener byvoorbeeld slegs aansoek doen om 'n betrekking as adjunkhoofnasiener, die aansoeker nie oorweeg sal word vir die betrekking as senior opsiener of nasiener nie.

6. Dit is 'n voorvereiste vir alle **nuwe nasieners** om aanlyn-profiele te skep omdat hulle eers op die aanlynstelsel moet registreer voor hulle die aansoekproses kan voltooi. Sodra nuwe nasieners geregistreer is, moet hulle dan op die stelsel aanmeld met die gegewe besonderhede en die aanlyn-aansoek volgens die genoemde stappe voltooi. Dit is noodsaaklik vir nuwe nasieners om al die nodige dokumente op te laai wat in paragraaf 9 hier onder genoem word. Tydens die laaste stap, moet hulle aandui watter vakke hulle voor aansoek doen om na te sien.

7. Nasieners wat reeds 'n **profiel geskep het** en weer aansoek wil doen om in 2020 na te sien, moet aanmeld deur hul gewone aanmeldbesonderhede te gebruik. Hulle **moet** alle bestaande inligting op die stelsel (stappe 4-6) **verifieer** voor die verpligte velde voltooi word. Slegs ná hierdie proses voltooi is, sal hulle 'n formele aansoek vir nasien kan indien deur stappe 7 en 8 te voltooi. Neem kennis dat deur slegs die 2020-verklaringsvorm op te laai, dit **nie beteken** dat u 'n aansoek ingedien het **nie**. U moet aansoek doen vir 'n vakature soos aangedui in stappe 7 en 8.

8. Neem kennis dat die aansoeke van nasieners wat versuim om die onderstaande dokumente in te dien en voor te lê as onsuksesvol beskou sal word.

9. Die volgende dokumente moet saam met die aansoek gelaai word:
   - Gewaarmerkte afskrif van identiteitsdokument/immigrasiedokumentasie.
   - Gewaarmerkte afskrif/te van kwalifikasiesertifikaat/-sertifikate.
   - Werkspermit (in die geval van buitelandse burgers).
   - Bewys van registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad vir Onderwysers (SARO).
   - Bewys van verblyf.
   - Verklaringsvorm wat deur die aansoeker en prinsipaal/distriksdirekteur onderteken is (met datum as die jaar 2020).

10. Die volgende onderwysers mag nie as aansieners aangestel word nie:
    - 'n Onderwyser wat ontslaan is uit die diens van enige Suid-Afrikaanse staatsdepartement.
    - 'n Onderwyser wat 'n vrywillige skeidingspakket geneem het.
    - 'n Onderwyser wat weens swak gesondheid afgetree het.

11. **Vakke met 'n bevoegdheidstoets**

11.1 Die WKOD sal in 2020 bevoegdheidstoetse in die volgende vakke uitvoer:

- Rekeningkunde
- Besigheidstudies
- Verbruikerstudies
- Ekonomie
- Engels Huistaal
- Geografie
- Geskiedenis
- Lewenswetenskappe
- Wiskunde
- Wiskundige Geletterdheid
- Fisiese Wetenskappe

11.2 Slegs aansoekers wat 60% en meer in die bevoegdheidstoetse behaal, sal vir aanstelling as nasien-amptenare oorweeg word.

11.3 Aansoekers wat tussen 2011 en 2019 'n bevoegdheidstoets in die bogenoemde vakke afgeneem het en 'n slaagsyfer van 60% en meer behaal het, **hoef nie** in 2020 die bevoegdheidstoets in hierdie vakke **te herhaal nie**. Aansoekers word egter aangemoedig om die bevoegdheidstoetse af te neem as hulle hul uitslae wil verbeter.

11.4 Alle pogings sal aangewend word om aansoekers te akkommodeer by 'n lokaal binne die onderwysdistrik waar hulle geleë is. Die lokale en datums van die bevoegdheidstoetse sal binnekort aan elke individuele aansoeker gekommunikeer word.

11.5 Die bevoegdheidstoetse sal gebaseer wees op die kurrikulum vir die NSS-vak of -vraestel en die toepaslike nasienvaardighede daarvan. In die geval van Rekeningkunde, Besigheidstudies, Ekonomie, Geografie, Geskiedenis en Wiskundige Geletterdheid, sal aansoekers oor die gekombineerde kurrikuluminhoud van beide Vraestel 1 en Vraestel 2 getoets word. In die geval van Engels Huistaal, sal aansoekers oor die gekombineerde kurrikuluminhoud van Vraestel 1, 2 en 3 getoets word.

11.6 Die beplande datums vir die aflê van die 2020-bevoegdheidstoetse is 04-07 Mei 2020.

11.7 Daar word van enige persoon, wat vir 'n hoofnasiener- of interne moderator-betrekking aansoek doen, verwag om die verantwoordelikhede van die eksaminator, moderator en nasiener van die bevoegdheidstoets vir daardie vak tydens die 2021-siklus se bevoegdheidstoets te aanvaar.

12. **Aansoekdatums en indiening van verklaringsvorms**

Betrekking waarvoor aansoek gedoen word	Aansoeke open	Aansoeke sluit
Interne moderator Hoofnasiener Adjunkhoofnasiener Senior nasiener Nasiener	06 Maart 2020	27 Maart 2020

13. Alle aansoekers moet die verklaringsvorm voltooi (by hierdie minuut aangeheg as **Bylae C**). Verseker asseblief dat dit deur die prinsipaal/distriksdirekteur onderteken en gestempel word en dan saam met die aanlyn-aansoek gelaai word.

14. Suksesvolle aansoekers sal skriftelik van hul aanstellings in kennis gestel word en sal vereis word om 'n kontrak met die WKOD te onderteken. Daaropvolgende kommunikasie betreffende die nasienproses sal per e-pos aan alle suksesvolle aansoekers gekommunikeer word.

15. Indien u enige bystand benodig, kontak asseblief die volgende amptenare:

Distrik	Amptenaar	Kontakbesonderhede
Kaapse Wynland Eden en Sentrale Karoo	Nicole Gezwint	Nicole.Gezwint@westerncape.gov.za Tel.: 021 467 9329
Metro-Oos Metro-Suid	Gladwyn Smith	Gladwyn.Smith@westerncape.gov.za Tel.: 021 467 2992
Metro-Noord Weskus	Christal Mentor	Christal.Mentor@westerncape.gov.za Tel: 021 467 2009
Metro-Sentraal Overberg	Sean Kloppers	Nicole.Geswint@westerncape.gov.za Tel: 021 467 2980

16. Die nasien van die NSS-eksamen se antwoordstelle is een van die belangrikste afdelings van die eksamenproses. Die WKOD is trots op die aanstelling van gekwalifiseerde en bevoegde nasieners. Prinsipale en ander senior amptenare wat nasieners aanbeveel, moet dus te goeder trou optree.

17. Prinsipale, distriksdirekteure, kringbestuurders en vakadviseurs word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers te bring om hul vertroud te maak met die aanstellingskriteria en aansoekproses wat gevolg moet word. **Die Direktoraat: Assesseringsbestuur kan nie verantwoordelikheid aanvaar as onderwysers nie in kennis gestel word van die inhoud van hierdie minuut nie, of as hulle nie alle nodige dokumentasie indien nie.**

18. Die WKOD maak staat op u samewerking en ondersteuning in hierdie belangrike saak.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2020-03-05

1. **Kriteria vir die aanstelling van interne moderators, hoofnasieners en adjunkhoofnasieners**

1.1 Aansoekers om die betrekking van interne moderator en hoofnasiener moet oor 'n minimum van agt jaar onderwyservaring en minstens oor vyf jaar ervaring in die onderrig van die betrokke vak op graad 12-vlak beskik.

1.2 Aansoekers om die betrekking van adjunkhoofnasiener moet oor minstens vyf jaar ervaring as 'n nasiener beskik en 'n minimum van twee jaar ervaring as 'n senior nasiener in die vak waarvoor daar aansoek gedoen word.

1.3 In die geval van hoofnasieners, is ervaring as 'n moderator, hoofnasiener of adjunkhoofnasiener in vorige jare 'n vereiste.

1.4 In die geval van interne moderators, is ervaring as 'n moderator, hoofnasiener of adjunkhoofnasiener in vorige jare 'n vereiste.

1.5 Alle aansoekers moet ook die vak by 'n skool onderrig het wat die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen skryf, vir minstens twee van die volgende jare: 2016, 2017, 2018, 2019 en 2020.

1.6 Voorkeur sal gegee word aan onderwysers wat tans die Kurrikulum en Assesseringsbeleidsverklarings (KABV) aan graad 12-kandidate onderrig.

2. **Kriteria vir die aanstelling as senior nasieners**

2.1 Aansoekers om die betrekking as senior nasiener moet oor 'n minimum van agt jaar onderwyservaring, en minstens vyf jaar ervaring in die onderrig van die betrokke vak op graad 12-vlak beskik.

2.2 Aansoekers om die betrekking as senior nasiener moet minstens drie jaar ervaring as 'n nasiener in die vak hê waarvoor 'n aansoek gedoen word.

2.3 Alle aansoekers moet ook die vak by 'n skool onderrig het wat die NSS-eksamen skryf, vir minstens twee van die volgende jare: 2016, 2017, 2018, 2019 en 2020.

2.4 Voorkeur sal egter gegee word aan onderwysers wat tans die KABV aan graad 12-kandidate onderrig.

3. **Kriteria vir die aanstelling as nasieners**

Aansoekers moet oor 'n minimum van twee jaar onderwyservaring in die betrokke vak op graad 12-vlak beskik. Hulle moet ook die vak vir minstens twee van die volgende jare onderrig het: 2016, 2017, 2018, 2019 en 2020. Voorkeur sal gegee word aan onderwysers wat tans die KABV aan graad 12-kandidate onderrig. Geen persone wat uit die diens van die WKOD ontslaan is, sal vir enige nasiener-betrekking oorweeg word nie.

4. **Algemene kriteria van toepassing op alle aansoekers**

4.1 Alle aansoekers moet in besit wees van 'n erkende driejarige nà-Senior Sertifikaat-kwalifikasie, wat die betrokke vak moet insluit op minstens **tweedejaarsvlak, maar verkieslik op derdejaarsvlak**.

4.2 Aansoekers moet voltyds in diens wees by 'n inrigting wat kandidate voorberei vir die NSS-eksamen.

4.3 Die volgende aansoekers sal **nie** vir die nasien van die NSS-eksamen oorweeg word **nie**:

4.3.1 Prinsipale of waarnemende prinsipale.

4.3.2 Aansoekers vir nie-bevoegdheid toetsvakke wat reeds 65 jaar oud is of teen die nasienperiode 65 jaar oud sal wees.

4.4 Aansoekers moet 'n minimum van 70% skool-slaagsyfer in die 2019 NSS-eksamen, in die vak wat vir nie-bevoegdheid toetsvakke aangebied is, behaal het.

4.5 Aansoekers wat aansoek doen om Geskiedenis Vraestel 1 en 2 na te sien, moet al die afdelings in die Geskiedenis-kurrikulum onderrig het.

4.6 Die aanstellings van nasienpanele **sal jaarliks hersien word** om te verseker dat nasien-amptenare steeds aan die aanstellingskriteria voldoen.

4.7 Persone wat aangestel word om na te sien, sal onder geen omstandighede op nasiendatums verskoon word nie.

4.8 'n Nasien-amptenaar se kontrak wat nie meer aan die aanstellingskriteria voldoen nie, sal beëindig word.

4.9 Nasien-amptenare wat as onbevoeg bevind is by die nasiensentrum of deur die hernasienoefening, sal nie weer aangestel word nie.

4.10 Aansoekers wat aansoek doen om Vraestel 2 (Letterkunde) in die Tale na te sien, moet alle voorgeskrewe werke vir die eksamen gelees en bestudeer het, en nie net daardie boeke wat deur die kandidate by hul eie skole bestudeer is nie.

4.11 Op die eerste dag van die nasienproses moet alle nasien-amptenare die hoofnasiener voorsien van die voorgestelde antwoorde vir die vraestel waarvoor hulle aangestel is. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) kan die aanstelling van 'n nasiener terugtrek wat by die nasiensentrum opdaag en nie die voorgestelde antwoorde vir die vraestel waarvoor hy of sy aangestel is, uitgewerk het nie. Hierdie vereistes sluit nasieners van Vraestel 3 van die Tale uit. Hierdie nasieners moet egter self vertroud wees met die onderwerpe wat in die tersaaklike vraestel geëksamineer word.

4.12 'n Persoon wat met verlof is tydens die tydperk wat die nasienperiode voorafgaan en insluit, se aanstelling as 'n moderator, hoofnasiener, adjunkhoofnasiener, senior nasiener of nasiener sal beëindig word. 'n Persoon wat, teen die einde van die jaar, meer as 50 dae gedurende die jaar van die nasienperiode met verlof was, se aanstelling sal ook beëindig word. Dit is op alle tipes verlof van toepassing.

4.13 'n Persoon wat geskors is tydens die nasienperiode, se aanstelling as nasien-amptenaar sal onmiddellik beëindig word.

4.14 'n Persoon wat 'n familielid het wat saam met hom of haar woon en die November 2020 NSS-eksamen skryf, kwalifiseer nie vir aanstelling as interne moderator, hoofnasiener, adjunkhoofnasiener of senior nasiener nie. Indien so 'n persoon 'n familielid het wat gedurende enige jaar van die drie-jaar aanstellingsiklus by hom of haar woon, sal so 'n persoon moet uittree as interne moderator, hoofnasiener of senior nasiener in die betrokke jaar wat die familielid die NSS-eksamen skryf. Sodanige persoon kan egter vir die pos as nasiener in daardie vak aansoek doen.

4.15 Die WKOD sal die aanstelling van enige persoon beëindig wat nie bevredigend in die uitvoering van sy of haar verantwoordelikhede tydens enige van die bogenoemde nasienperiodes presteer nie.

Wes-Kaap Onderwysdepartement se aanlyn-aansoekproses vir nasieners

Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se *Online Markers System* laat onderwysers toe om te registreer en aanlyn aansoek te doen vir nasiener-vakatures. Die blaaier wat die aanlyn-aansoekstelsel die beste ondersteun, is **Google Chrome**. Hierdie blaaier word die beste gebruik op 'n rekenaar, skootrekenaar of tablet. Moenie 'n slimfoon vir aanlyn-aansoeke gebruik nie. Onderwysers kan hulle die status van hul aansoek aanlyn volg sodra hulle op die stelsel aansoek gedoen het.

Die stelsel maak voorsiening vir die verifiëring van die ondertekende verklaringsvorms.

Die WKOD se *Online Markers System* is ontwerp om dit makliker te maak vir onderwysers om aanlyn aansoek te doen vir nasiener-vakatures. Die stelsel maak dit gerieflik om te registreer, hul profiel by te werk, die betrokke dokumente in te dien en aansoek te doen vir 'n nasien-vakature.

Die stappe word hier onder saamgevat. Let daarop dat, sodra u op die stelsel aangemeld is, gedetailleerde gebruikershandleidings ook beskikbaar is vir maklike toegang.

Stappe 1–3:
Moet deur **alle nuwe gebruikers** voltooi word.

- Onderwysers wat aansoek doen, moet op die aftreklys klik wat vir onderwysers gemerk is.
- Distriksamptenare wat aansoek doen moet op die aftreklys klik wat vir distriksamptenare gemerk is.
- Alle geregistreerde gebruikers sal 'n verstekrol (default role) ontvang en kan dadelik met die proses voortgaan.



Stappe 4–8:
Moet deur **alle onderwysers** voltooi word wat van voorneme is om vir 'n nasiener-vakature aansoek te doen



Western Cape Government
Education

Annexure C

DECLARATION BY INTERNAL MODERATORS, CHIEF MARKERS, DEPUTY CHIEF MARKERS, SENIOR MARKERS AND MARKERS
MARKING OF THE NOVEMBER 2020 NATIONAL SENIOR CERTIFICATE (NSC) EXAMINATIONS AND THE JUNE 2021 SENIOR CERTIFICATE (SC) EXAMINATIONS

Full name(s): _____ **Surname:** _____

ID number: _____ **Persal number:** _____

I, _____ **hereby declare that:**

1. I am currently appointed on a full-time basis as a:
(Tick appropriate box)

FET subject adviser		**Senior Curriculum Planner**		**Teacher**	

for _____ at _____
(subject) ***(school/district)***.

2. I currently advise/teach or previously advised/taught _____ ***(subject)*** on a full-time basis at Grade 12 NSC level in the following years:
(Please indicate the number of learners taught per year)

2016		**2017**		**2018**		**2019**		**2020**	

3. I have a relative (i.e. son, daughter, sister or brother) **or** a candidate living with me who is writing the November 2020 NSC examination in the subject I am applying for.
(Tick appropriate box)

Yes		**No**	

4. I am competent to mark in:
(Tick appropriate box)

English only		**Afrikaans only**		**English and Afrikaans**	

5. I acknowledge that the WCED will terminate my appointment contract for marking in the event that I am on leave during the period leading up to marking and inclusive thereof, if I am absent from work for more than 50 working days in the 2020 academic year and in the event of submitting a false declaration.

I hereby certify that the above information is correct in all aspects.

Signature of Applicant		**Date**	

I hereby certify that the above information is correct in all respects and that the applicant is a full-time teacher/official who has taught/been an adviser for the subject and paper at Grade 12 level for at least two of the years 2016, 2017, 2018, 2019 and 2020.

Signature of Principal/Director		**Date**	
Full name and surname of Principal/Director			

NB: Declaration forms must be completed annually for appointment as a marking official.

STAMP OF SCHOOL / INSTITUTION